



LAERSKOOŁ DALVIEW

GEKONTROLEERDE TOETS

VAK: SOSIALE WETENSKAPPE

GRAAD 4

EKSAMINATOR: MNR D. DEYSEL

OUER/HANDTEKENING _____

MODERATOR: MNR J. GILIOMEE

DATUM: 22 MEI 2024

TYD: 60 MIN

TOTAAL: _____ / 40 PUNTE

NAAM EN VAN: _____ GR _____

Instruksies:

1. Lees elke vraag versigtig deur voordat dit beantwoord word.
2. Skryf netjies en leesbaar en voltooi met 'n blou pen.

	Geskiedenis	Kognitiewe vlak van die vraag	Totaal van die vraag
Vraag	Inhoud van die vraag		Puntetoekenning
1	Alexandra en Rondebosch	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/12
2	Wat is 'n goeie leier?	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/10
3	Mahatma Gandhi	Vlak 3 en 4 Hoër orde vrae	/10
4	Nelson Mandela	Vlak 5 en 6 Hoër orde vrae	/8
	GROOT TOTAAL		/40

Vraag 1: (Alexandra en Rondebosch)**[12]**

- 1.1) Sê slegs of die volgende stellings **WAAR** of **VALS** is deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.


(12)

STELLING	WAAR	VALS
1.1.1. Die mense van Alexandra kon musiekinstrumente speel.		
1.1.2. Rondebosch is 'n gebied in Kaapstad.		
1.1.3. Die musiek wat in Alexandra gemaak was, word Marabi en Kwela genoem.		
1.1.4. Nelson Mandela het voorheen in Alexandra gewoon.		
1.1.5. Alexandra is 'n township in Johannesburg.		
1.1.6. Alexandra is omtrent 15 kilometer van Johannesburg af.		
1.1.7. In Rondebosch is 'n baie ou kerk met die naam St. John.		
1.1.8. Die enigste openbare vervoer in Alexandra was treine.		
1.1.9. Rondebosch is vol goed wat wys wat in die verlede gebeur het.		
1.1.10 Alexandra het omtrent 100 jaar gelede ontstaan toe 40 gesinne daar grond gekoop het.		
1.1.11 Die ou fontein in Rondebosch is in 1886 gebou.		
1.1.12 Alexandra was veral bekend vir die "busboikotte".		

Vraag 2: (Wat is 'n goeie leier?)

[10]

- 2.1) Daar is 'n lysie vol eienskappe wat 'n goeie leier moet hê. **Organiseer** die volgende Spinnekop-diagram deur die korrekte ontbrekende woorde in te vul.



Vraag 3: (Mahatma Ghandi)

[10]

- 3.1) Maak gebruik van die woordbank hieronder en pas die korrekte woord/woorde by elk van die volgende stellings.

WOORDBANK		
• 1869	• 66 jaar oud	• 1893
• Vreedsame betogings	• 1948	• Slegs blanke afdeling
• 1947	• 1915	• 22 jaar
• 78 jaar oud	• Klein afdeling	• 'die groot siel'

3.1.1) Watter dinge het Mahatma Ghandi gereël? (1)

3.1.2) Hoe oud was Mahatma Ghandi toe hy oorlede was? (1)

3.1.3) Wat het Mahatma beteken? (1)

3.1.4) In watter jaar het Mahatma Ghandi se prokureur in Suid-Afrika kom werk? (1)

3.1.5) In watter jaar is Mahatma Ghandi oorlede? (1)

3.1.6) In watter afdeling op die trein het Mahatma Gandhi gery toe hulle hom afstamp? (1)

3.1.7) In watter jaar is Mohandas Gandhi gebore? (1)

3.1.8) Hoe lank het Mahatma Gandhi in Suid-Afrika gebly? (1)

3.1.9) In watter jaar het Mahatma Gandhi teruggekeer Indië toe? (1)

3.1.10) In watter jaar het Indië 'n onafhanklike staat geword? (1)

Vraag 4: (Nelson Mandela)

[8]

- 4.1) **Bestudeer** die gevallestudie hieronder deeglik. Gebruik jou kennis wat jy opdoen in die lees van die studie en beantwoord die vrae volledig.

Nelson Rolihlala Mandela

Rolihlala Mandela is op 18 Julie 1918 op Mvezo, 'n dorpie in die distrik Umtata gebore. Sy gesin verhuis kort daarna na die naby geleë Qunu.

Sy pa is oorlede toe hy slegs nege jaar oud was. Hy word in die sorg van 'n voog geplaas. Sy oom het hoofman geword en by hom het die jong Mandela versorg en geleer hoe die tradisionele wette van die Xhosa's gebruik word. Hy het geleer dat dit belangrik is om na die menings van ander mense te luister en om verdraagsaam te wees teenoor verskille. Hy kry die naam Nelson eers later toe hy begin skoolgaan het.

Vanaf 1934 tot 1938 studeer hy aan die Metodiste-kollege en van 1939 tot 1940 het hy regte aan die Universiteit van Ford Hare studeer. In 1940 word hy geskors omdat hy aan 'n studentestaking deelgeneem het. Hy verhuis in 1941 na Johannesburg en voltooi sy studies deur middel van afstandsonderrig.

Hy werk eers op die myne, maar is later aangestel as leerling-prokureur. Vanaf 1943 tot 1949 studeer hy in die regte aan die Universiteit van die Witwatersrand.

In 1943 word hy lid van die African National Congress (ANC) en saam met Walter Sisulu en Oliver Tambo word die jeugliga gestig. Na die Sharpeville-slagting van 1960 waarin hulle teen rassisme in opstand gekom het, word die ANC verbied en Mandela vorm 'n ondergrondse militêre vleuel van die ANC. Umkhonto we Sizwe word in 1961 gestig. In 1962 ondergaan hy militêre opleiding in Algerië.

Met sy terugkeer word hy in hegtenis geneem omdat hy betrokke was met militêre bedrywighede. In 1964 is hy tydens die Rivonia-verhoor tot lewenslange gevangenisstraf vir hoogverraad veroordeel. Hy is later na Robbeneiland gestuur. Hy het 27 jaar van sy lewe in tronke deurgebring.

In 1990 het President F.W. de Klerk die verbod van die ANC opgehef en in Februarie 1990 onvoorwaardelik vrygelaat.

In 1993 ontvang Mandela en F.W. de Klerk saam die Nobelprys vir Vrede vir hulle poging om toestande in Suid-Afrika te verander. In 1994 word Mandela as die eerste president van 'n demokratiese Suid-Afrika verkies. Alle landsburgers ouer as 18 jaar mag nou stem vir 'n nuwe regering. Mandela beklee die posisie as president vir vyf jaar lank. Mandela het ere-doktorsgrade van meer as 50 internasionale universiteite ontvang.

4.1.1) Hoe oud was Nelson Mandela toe sy pa oorlede was? (1)

4.1.2) Waarom is Nelson Mandela in 1940 geskors van sy Universiteit af? (1)

4.1.3) Aan watter party het Nelson Mandela in 1943 'n lid geword? (1)

4.1.4) By watter universiteit het Nelson Mandela van 1943 – 1949 regte studeer? (1)

4.1.5) In watter jaar word Nelson Mandela as president van Suid-Afrika verkies? (1)

4.1.6) Waar het Nelson Mandela gewerk voor hy aangestel is as leerling-prokureur? (1)

4.1.7) Wanneer is Nelson Mandela gebore, en op watter dorpie? (2)

GROOT TOTAAL = [40]